Orania Beweging

Tel: 053 207 0062
WhatsApp 079 194 8247
oraniabeweging@orania.co.za

Posbus 27, Orania 8752
Pêrellaan-Wes 136, Orania, 8752
www.orania.co.za

ê

NOTULE
VAN DIE 37ste ORANIA BEWEGING LEDEVERGADERING
GEHOU OP SATERDAG 29 MAART 2025 OM 9:30
BY DIE KANTIEN, ORANIA

1. **Opening en verwelkoming**
   Vergadering is reeds geopen en word volgens die grondwet gelei deur die ondervoorsitter, Pieter Bisschoff

2. **Konstituering**
   Die vergadering is wettig gekonstitueer vir die afhandeling van die sakelys.
   2.1. **Presensie**

3. **Verkiesing van Raadslede**
   3.1. **Agtergrond**
   Die Raad bestaan uit 30 verkose lede wat 'n 3 jaar termyn vanaf verkiesing uitdien. Daar bestaan tans 10 vakature en 10 nominasies is ontvang soos op ingeslote lys.
   3.2. **Verkiesing**
   Die vergadering keur dit goed dat die vakatures uit die nominasies gevul word sonder dat verkiesing plaasvind. Nuwe lede word geluk gewens met hul verkiesing.

4. **Goedkeuring van die vorige notule (23 Maart 2024)**
   Chris van Schalkwyk stel goedkeuring voor en dit word deur Christo Conradie gesekondeer.

5. **Sake voortspruitend uit die vorige notule**
   5.1. **Oprigterslede**
   Oprigterslede wat nie weer tot Raad verkies is nie, is voorheen gekoöpteer, by name Jaco Mulder, Hester van Zyl en Ebert Terblanche. John Strydom gee historiese agtergrond en lig uit dat koöptering nie in die grondwet belet word nie, nie stemreg insluit nie, en tipies geld vir een termyn. Hierdie oprigterslede word weer vir een jaar gekoöpteer.

6. **Verslag van Uitvoerende Hoof**
   6.1. **Lede en kommunikasie**
   Joost Strydom, Uitvoerende Hoof, meld met dankbaarheid die groei van kapasiteit by die Orania Beweging en stel Frans de Klerk (jr.) aan die woord om oor lede en kommunikasie verslag te doen. Die kommunikasiestrategie was om toename in visuele materiaal op digitale manier oor te dra en sodoende 'n kompeterende entiteit in die sosiale ruimte te kan wees. Hierdie strategie verseker dat OB sy ondersteuners iets tasbaar bied om te kan ondersteun. Die Orania-boodskap word uitgedra en ten spyte van soms ongemaklike besoeke of onderhoude, is die reaksie oorwegend positief.



Uitvoerende Raad en Bestuur: John Strydom (Voorsitter), Pieter Bisschoff (Eerste Ondervoorsitter), Francois Joubert (Tweede Ondervoorsitter), Annamarie van der Merwe (Sekretaresse) Corrie Jacobs, Frans de Klerk, Magdaleen Kleynhans en Joost Strydom (Uitvoerende Hoof)

6.2. **Jaarverslag**

Joost Strydom lewer verslag. Hy herinner aan die grondwet wat ons hoofdoel stel as die herstel van Afrikanervryheid. Daar lê dus gevaar in die omgang met bloot abstrakte denke sonder die oorgang tot konkrete dade. Tog is 'n skielike realisering onrealisties en is doelgerigte toegewyde strategieë nodig. Skakeling is krities, met vriend en vyand, om Orania na die Afrikaner te bring. Ons model vind ook internasionaal onder ander groepe inslag veral rakende gekonsentreerde gebiedsvestiging. Orania is dalk klein, maar ons idee is groot en vorm dus ons magsbasis. 'n Gesonde gemeenskap wat nie net fokus op daaglikse oorlewing of goeie infrastruktuur nie, maar ook tyd vind vir hoër orde dinge soos geloof, kultuur, identiteit en kuns, is noodsaaklik vir volhoubare groei. Lede se bydraes, betrokkenheid en vertroue maak al hierdie dinge moontlik soos byvoorbeeld sigbaar in toedelings aan Orania-instellings vanuit die Helpsaamfonds. Elke dag moet ons een dag nader aan vryheid bring.

6.3. **Internasionale skakeling**

Joost Strydom bedank eerstens almal vir die vertroue wat die gemeenskap in OB stel wat die skakeling na VSA moontlik gemaak het. President Trump se uitvoerende bevel het die gedagte van skakeling - wat lank reeds al oorweeg word - op die voorgrond gedwing. Na deeglike oorweging van implikasies soos moontlike veiligheidsrisiko's, is op 'n gesamentlike Orania-afvaardiging besluit wat Riaan Jacobs en Carel (IV) Boshoff (Orania Verteenwoordigende Raad) ingesluit het. Ernst Roets (raadslid) was reeds in VSA en het by groep aangesluit. Skakeling het op drie vlakke geskied naamlik informele skakeling, formele skakeling en onderhandeling. Hierdeur is kanale geopen vir verdere gesprekke en word dit vir eers vertroulik hanteer en duur steeds voort. Hy getuig van vele tekens van genade en seën tydens die toer soos beleef deur steun en geleenthede wat oor hul pad gekom het.

Riaan Jacobs meld dat die Amerikaners waarmee hul geskakel het, ingelig is oor wat in Suid-Afrika gebeur. Daar is begrip vir kultuurbehoud en behoefte aan eie gebied. Mense stel ook belang om betrokke te wees by Orania,

Carel Boshoff bedank en erken die rol wat Ernst Roets gespeel het op die skakeltoer. Hy meld dat 'n vensterperiode vir geleentheid geskep is deur Trump se bevel. Siende mens nie vooraf weet hoe lank so 'n venster oop bly nie, is dit krities om optimaal te presteer terwyl dit moontlik is. Dit is OB se lede wat mens sterker maak om die geleenthede te benut.

Joost Strydom bedank al die Oraniërs vir hul ondersteuning.

Opmerkings vanuit die vergadering en repliek beklemtoon dat ons besig is om 'n werklikheid te bou eerder as bloot op vorige hofuitsprake te steun of op nuwes te wag, terwyl ons 'n ander orde in Suid-Afrika bedink.

7. **Finansiële state**

Joost Strydom lewer verslag volgens ingeslote state.

7.1. **Orania Beweging**

Surplus is gerealiseer by die Orania Beweging en gesonde finansies maak dit moontlik om projekte aan te pak om ons doelwit te verwesenlik.

Orania Beweging

Tel: 053 207 0062
WhatsApp 079 194 8247
oraniabeweging@orania.co.za

Posbus 27, Orania 8752
Pêrellaan-Wes 136, Orania, 8752
www.orania.co.za

7.2. **Helpsaamfonds**
Doel is om oor die langtermyn wesenlik in veral areas soos opvoeding en behuising hulp te verleen. Hindernisse tot vestiging in Orania word ook sodoende aangespreek.

7.3. **Orania Beweging Beleggingsmaatskappy (OBBM)**
Doel is om op strategiese wyse infrastruktuur en ook bronne van inkomste te bestuur. Die maatskappy is nog nuut en in 'n beginfase van groei.

7.4. **Bespreking**
Geen vrae word vanuit vergadering geopper nie. Pieter Bisschoff bedank Joost Strydom en die hele span vir hulle harde werk.

8. **Aanstelling van ouditeure**
Die voorstel dien dat Logista weer aangestel word. Corrie Jacobs stel voor en Dirk Hermann sekondeer die voorstel.

9. **Mosies**

9.1. Wikus Buys spreek diepe dankbaarheid uit teenoor die afvaardiging wat oorsee gegaan het en versoek dat Ps. 134:4 se seën hul toegesing word.

9.2. Christiaan van Zyl wens vir Johanna Pohl geluk met die herdenking van haar 93ste geboortedag.

10. **Besprekings**

10.1. **Orania Beweging en selfbeskikking – *Mnr. S.J. de Klerk***
Sam de Klerk beklemtoon dat OB territoriale selfbeskikking ten doel moet hou en nie Afrikaners woonagtig buite Orania, vergeet nie. Die Raad neem kennis.

10.2. **Vryheidsberaad – *Christo Conradie***
Raad word versoek om so gou as moontlik 'n beraad te reël sodat die pad tot vryheid gegewe die huidige situasie in oënskou geneem kan word siende vorige beraad in 2005 was. Hy bepleit vir besinning en daarstel van planne vir die bereiking van ons doel. Burger Lampbrecht noem dat Orania Dorpsraad in die nabye toekoms binne hul geledere wel rondom hierdie onderwerp so 'n gesprek fasiliteer. Dit word na die Raad verwys.

10.3. **Tersiêre onderrig in Orania – *Dirk Hermann***
Hy bepleit vir die versnelling van tersiêre onderrig op Orania wat op vele maniere Orania se ontwikkeling en bereiking van hul ideale help versterk. Bespreking meld aspekte soos ambagsvaardighede, gesonde middelklas, werksgeleenthede binne Orania asook vermoë om salarisse van buite Orania te verdien. Die daarstel van satellietkampusse word genoem. Dit word na die Raad verwys.

10.4. **Toerisme en bejaardesorg – *Manie Opperman***
Orania se toerismepotensiaal moet benut word. Hy spreek ook kommer uit oor die verminderde aanbod van mediese dienste wat effektiewe bejaardesorg en dus aftrede-opsies beperk. Dit word na die Raad verwys.

10.5. **Historiese naam – *Hester Boshoff***
Sy meld dat die Karoo-area waar Orania is, histories as die Middenveld of Middelveld bekend gestaan het en gerus in naamgewing oorweeg kan word.



Uitvoerende Raad en Bestuur: John Strydom (Voorsitter), Pieter Bisschoff (Eerste Ondervoorsitter), Francois Joubert (Tweede Ondervoorsitter), Annamarie van der Merwe (Sekretaresse) Corrie Jacobs, Frans de Klerk, Magdaleen Kleynhans en Joost Strydom (Uitvoerende Hoof)

Orania Beweging

Tel: 053 207 0062
WhatsApp 079 194 8247
oraniabeweging@orania.co.za

Posbus 27, Orania 8752
Pêrellaan-Wes 136, Orania, 8752
www.orania.co.za

ê

10.6. **Rekreasie-aktiwiteite vir jongmense – *Marcel Jacobs***
Sy bepleit die daarstel van rekreasie geleenthede en fasiliteite vir jongmense om as trekfaktor te dien en ook te verhoed dat jong Oraniërs weens 'n gebrek daaraan, die dorp wil verlaat. Dit word na die Raad verwys vir oorweging en bewusmaking by ander instansies.

10.7. **Oranjerivier se potensiaal – *Carel van den Berg***
Hy bepleit dat (ten spyte van relatiewe onlangse trauma vir gemeenskap na verdrinking insident), die potensiaal van die Oranjerivier (wat deel vorm van ons eie grondgebied) geaktiveer word in terme van toerisme en ontspanning. Dit word na die Raad verwys vir kommunikasie aan relevante instellings.

11. **Bekendmaking van Raadslede**
Die 10 genomineerde lede is verkies en word gelukgewens.

12. **Volgende vergadering**
Datum sal gekommunikeer word.

13. **Afsluiting**
Pieter Bisschoff sluit met gebed af en die vergadering sing die seënbede van Ps. 134:4.

**Goedgekeur en geteken:**

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| Voorsitter van vergadering<br>Mnr. Pieter Bisschoff | Datum |



Uitvoerende Raad en Bestuur: John Strydom (Voorsitter), Pieter Bisschoff (Eerste Ondervoorsitter), Francois Joubert (Tweede Ondervoorsitter), Annamarie van der Merwe (Sekretaresse) Corrie Jacobs, Frans de Klerk, Magdaleen Kleynhans en Joost Strydom (Uitvoerende Hoof)